*Donderdag* **27 Maart**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 1:11-24**
**Fokusgedeelte: Galasiërs 1:11-24**

## Die kernwaarheid van die Bybel

Paulus gebruik sy eie besondere roepingsverhaal om te vertel dat niemand van die evangelie mag afwyk nie. Paulus werk met die gedagte dat sy prediking en geskrifte ’n beeld in die gedagtes van sy hoorders opwek, want dis nie deur ’n mens uitgedink nie. In hulle verbeelding sien hulle presies wat hy preek. Dis asof hy met sy woorde op hulle gedagtes skilder. Hulle sien Jesus as Gekruisigde onder hulle hang. Dis Jesus aan die kruis, maar met my gesig! Dis Jesus, maar met my sonde! Dis Jesus, maar dis my hel!

Sien u Jesus aan die kruis in u gedagtes?! Die Heilige Gees het dit in ons harte ingeprent, onuitwisbaar afgeëets – Christus is in ons! So kommunikeer God met ons. Die Heilige Gees maak ons by wyse van spreke deelnemers aan hierdie verhaal … soos Paulus sy verhaal vertel – dit is nie ’n stokou verhaal nie, maar een wat vandag hier “onder ons” afspeel omdat ons tot geloof gekom het; omdat ons waarlik deel het aan Hom, reinig sy bloed ons van elke sonde! Glo dit van harte!

Paulus het Jesus só werklikheidsgetrou aan sy hoorders en lesers verkondig dat die Heilige Gees hulle geloofsverbeelding so beïnvloed het dat hulle Hom as’t ware tydens elke preek tussen hulle kon sien hang. Die kruisiging van Jesus is die kernwaarheid van die Bybel: wie dit weglaat, het niks! Dit alleenlik is God se vrymagtige verlossingsdaad, niks anders nie!

Ons het daaraan deel deur ons geloof. Paulus het meer gemaak van die betekenis van die kruisiging as die blote uiterlike feite daarvan vir elkeen persoonlik. Dis hierdie betekenis wat ons deur die werk van die Heilige Gees in ons harte aangryp en nie die sensasionele voorstellings nie.

*Sing: Skrifberyming 12-2 (Lied 265)*
*Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)*